

Prediking:

1.

Gemeente, broers en susters;

Maak nie saak waarmee ons besig is nie, **ons kort 'n plan**. Jy moet 'n plan hê vir alles in die lewe. Jy kort 'n plan, 'n strategie, vir die klein dingetjies in die lewe, en ook vir die groot dinge van die lewe.

- Maak jy kos, of verf jy huis, kort jy 'n plan.
- Bou jy 'n brug, of 'n gebou, dan moet daar 'n plan wees.
- Selfs wanneer jy kinders grootmaak, of soek vir 'n werk - jy moet 'n strategie volg.

'n Plan is belangrik vir alles in die lewe.

- 'n Afrigter van 'n rugbyspan kort 'n plan.
- Die generaal van 'n weermag kort 'n plan.
- Die president van 'n land kort 'n strategie.

En ja. Ek en jy kort 'n plan, 'n strategie wanneer ons die **lewe aanpak**. Hoe baie van ons loop deur die **lewe sonder 'n strategie of plan**. Ons val maar net van een situasie tot die volgende situasie. Altyd reaktief plaasvan om proaktief te wees.

Wanneer ons so bietjie dink oor die konsep van 'n plan, **wonder ons ook soms oor God se plan, sy strategie, sy wil vir hierdie wêreld.**

Ons vergeet dit soms, **maar God het 'n plan vir hierdie wêreld**. Nie net vir die wêreld nie, maar ook vir elkeen van ons.

Dit is 'n geloofswaarheid waarin somtyds twyfel.

Dit is 'n geloofswaarheid waarin nie net ek en jy twyfel nie, **maar ook die eerste gelowiges vir wie Openbaring geskryf is.**

- Die mense het om hulle gekyk en net gevaar en die moontlik van vervolging en die dood gesien.
- En dan het die mense gewonder of God werklik 'n plan vir die wêreld en vir elkeen van hulle het.
- Miskien het van die mense tot die gevolgtrekking gekom dat daar nie 'n groter plan is nie, en dat hulle geheel en al uitgelewer is aan die omstandighede waarin hulle hulself bevind.

Daarom word Openbaring 5 geskryf. **Om die eerste hoorders en ons te verseker dat God 'n plan het.**

2.

Hierdie plan van God word in die teksgedeelte uitgebeeld as die **boekrol wat in God se regterhand is.**

In die verlede was daar baie verklarings oor presies wat in die boekrol sou gestaan het. Onder andere was gesê dat al **die name van die gelowiges** wat gered sal word daarin staan. In 'n sekere sin is dit waar. Tog sê die slim ouens vandag dat die simbolies is van soveel meer. **Dit is simbolies van God se plan.** Sy strategie, Sy wil vir die wêreld. Dit is simbolies van sy plan van redding (die name in die boek). Maar ook simbolies vir sy plan vir die oordeel wat oor die wêreld gefel sal word.

- Hierin gemeente word die eerste hoorders van die teksgedeelte, maar ook ons vertrous in die **wete dat ons nie maar net meegesleur word deur die rivier van die lewe nie.**
- Dit lyk miskien of ons somtyds net van een situasie na die volgende een val.
- Of ons geheel en al uitgelewer is aan kans, omstandighede, en die lotgeval.
- Dit lyk miskien vir ons ons uitgelewer is aan kragte wat groter is as ons self.
- Kragte soos oorlog, siekte, geweld en misdaad, die politiek en selfs die verloop van tyd.

Tog sê die teksgedeelte vir ons; al lyk dit op die oog af of daar nie 'n plan is nie, weet dat daar 'n boekrol in God se regterhand is. Daar is 'n plan, 'n strategie, 'n padkaart.

- En elkeen van ons maak deel van die plan.
- Nie een staan buite dit nie.
- Ons toekoms is daarop ingeskryf.
- Elke tree, elke draai, elke keuse en besluit word vermeld.

3.

Julle weet egter so goed soos ek dat 'n plan net goed is indien dit geïmplementeer word.

- Ons sien dit so baie.
- Mense het die beste planne vir hulle lewe,
- die staat het die beste planne vir Suid-Afrika,
- die kerk en die gemeentes het die beste planne vir sy lidmate,
- tog is so 'n plan slegs van waarde indien dit uitgevoer word.
- 'n Plan, 'n strategie is slegs goed indien dit oorgaan in aksie, in dade.

Die teks sê dit so mooi. Niemand kan die plan vir God uitvoer nie. Niemand in die hemel, of op die aarde, of onder die aarde is waardig om die boekrol, Sy plan, by Hom te neem en uit te voer nie. Nie engele in die hemel, of konings en presidente op aarde, of duiwels onder die aarde kan die plan van God uitvoer nie. En die wete maak die skrywer bedroef en hartseer. Trane loop oor sy wange. 'n Mens kan amper die stilte van die oomblik verbeel. Wie is waardig?

En dan besef die skrywer, aan die hand van die visioen wat hy ervaar, dat God niemand kort om Sy plan vir hom uit te voer nie. Wie is ons om te dink dat ons in staat is om sy plan vir hom op aarde uit te voer? Nee, God, implementeer self Sy plan vir die wêreld. God self gaan oor aksie, oor in dade. Hy gaan oor in aksie in Jesus. Slegs Jesus, die leeu van Juda, die lam wat geslag is, is waardig om die boekrol by God te neem en dit te lees. Slegs Jesus, ons verlosser, is by magte om God se plan vir die wêreld te implementeer.

4.

Omdat God self sy magtige wil, sy plan, sy strategie, vir die wêreld in Jesus uitvoer word God en die lam **met lofgesange geprys en aanbid**. Driemaal word God en die lam in die teksgedeelte geloof. Deur die 4 lewende wesens wat die ganse heelal simboliseer as die 24 ouderlinge wat weer op hul beurt simbolies is van die ganse kerk reg oor die eeue.

Die vraag wat ontstaan gemeente is of ons deelneem aan die lofgesange?

- Hoe lyk jou en my lewe?
- Is ons dankbaar vir wat God vir ons daaglik doen en vermag?
- Is ons bly omdat ons weet dat God 'n plan het vir die wêreld en vir elkeen van ons.
- Juig ons uit die diepte van ons hart omdat ons nou besef dat ons nie die plan vir die wêreld hoef te implementeer nie.
- Nee, Jesus het dit namens ons hier op aarde kom uitvoer.

Dit is vrae wat elkeen van ons vandag moet antwoord. Hoe antwoord jy vanoggend? Jubel en sing jy saam met die ganse heelal, saam met die ganse kerk oor die aarde? En nog belangriker: Getuig jou lewe van die blydschap en die vreugde.

5.

Gemeente. Ons besef nou dat God 'n plan het en dat God self die plan op aarde vir ons uitvoer. Jesus is die een wat waardig is om die boekrol te neem, die seëls te breek en die inhoud daarvan te lees.

Die vraag wat egter oorbly is **wat die inhoud van die plan van God is?**

Wat is God se plan, se strategie, se wil vir hierdie wêreld?

Dit is sekerlik een van die sentrale vrae van ons geloof. Wat is God se plan?

Ek dink hierin is daar iets van 'n Paradoks opgesluit. Jesus is die een wat God se plan uitvoer, maar terselfdertyd is Hy die inhoud van God se plan op aarde. Jesus
--

is God se plan op aarde? Wil jy weet wat God se plan is, moet ons net na Jesus kyk.

- En wat het Jesus op aarde kom doen?
- Hoe lyk die plan wat Jesus kom uitvoer het?
- Jesus het God en mens versoen, en ook in die proses mense met mekaar versoen

Die aksie van God kom tot 'n hoogtepunt in Jesus en die oop graf. In daai perfekte oomblik is God en die mens volledig met mekaar versoen. In daai perfekte oomblik is God met ons en ons met God.

5.

Ons weet nou dat God 'n plan het en dat God dit deur Jesus namens uitgevoer het. Die plan van God is om onder andere een met Sy geliefde kinders te wees. Om in liefde en harmonie met ons te leef. Om versoen met ons te wees.

Wat so ongelooflik van die plan van God is, **is die wyse waarop Jesus dit uitvoer.**

Die mense het miskien **'n leeu verwag, maar 'n lam het verskyn.** Met ander woorde, God se plan van versoening word nie deur geweld en oorlog, deur krag en mag in die wêreld uitgevoer nie, maar deur 'n lam. 'n Lam wat simbolies is van vrede, geduld, vergifnis, barmhartigheid, sagmoedigheid.

Ons sien dit so duidelik aan die kruis. Ons vind 'n gebroke man wat bespot en beledig hang tussen in hemel en aarde. Verlaat van God en mens. Ons vind 'n man wat homself geheel en al verloën het ter wille van sy geliefdes. Ter wille van jou en my.

Die oorwinning wat Jesus behaal het, **was nie op 'n oorlogspersd met 'n swaard in die hand nie. Nee, dit is op die rug van 'n donkie.** Die oorwinning is nie behaal as die leeu van Juda nie, maar eerder as die geslagte lam van God.

6.

Ek sluit af gemeente.

Hoe reageer ons teenoor God se plan. 'n Plan van versoening wat deur die Lam aan die kruis uitgevoer is.

- **Gewoonlik staan ons die plan tee** – ons volg ons eie plan.
- Netso het ons ook planne vir ons lewe – **hoe implementeer jy jou plan**. Is geweld, manipulasie, aggressie jou instrumente (is jy 'n leeu). Of volg jy eerder die beginsels wat Jesus ten toon gestel het – liefde, vergifnis, respek en selfverloëning.
- En laastens, vriende, ons hoor vandag dat God 'n plan vir de wêreld het. Die plan word deur Jesus uitgevoer – dit gebeur vandag nog. **Moet ons dan nie ook deel van plan word nie.** Moet ons nie ook by Jesus aansluit in die implementering van die plan nie.

Amen.